VRYPOS

Weeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**

Jaar 14 - Uitgawe 3
Kontak ons:
kerkinfo@ngkvs.co.za
www.ngkerkvrystaat.co.za

29 Januarie 2016



1. OPENING FAKULTEIT TEOLOGIE EN TEOLOGIESE DAG: Hierdie geleentheid vind op **Maandag 1 Februarie 2016** in die Odeion Ouditorium op die Kovsiekampus plaas. Klik asseblief **hier** vir die volledige program.

2. SAKE UIT DIE KANTOOR VAN DIE ALGEMENE SINODE: Daar word 'n ernstige beroep op kerkrade van alle gemeentes gedoen om van hierdie twee uiters belangrike sake kennis te neem en dit ook onder lidmate en belanghebbendes se aandag te bring:

NG Kerk droogtehulp: Dr Gustav Claassen, Algemene Sekretaris, NG Kerk, skryf die volgende oor dié groot krisis in Suid-Afrika: *Die NG Kerk is pynlik bewus van die nood en lyding wat veroorsaak word deur 'n ongekende en wydverspreide droogte. Talle gemeenskappe, wat NG- en familiekerke se lidmate insluit, staan voor groot uitdagings. Kenners waarsku dat baie negatiewe scenarios rondom voedselsekuriteit, skuld, die ekonomie, werkloosheid en misdaad die gevolg van hierdie droogte kan wees.*

Die NG Kerk voel haar geroepe om gemeenskappe, mens en dier, in nood te ondersteun. Dit is 'n ongelooflike geleentheid om getuienis te lewer. Projekte is reeds deur gemeentes, ringe en sinodes geloods. Daar is egter 'n noodsaak om hulp te koördineer ten einde die grootste verskil te kan maak. Die NG Kerk het 1200 gemeentes landwyd. In die meeste gemeentes is daar 'n predikant met 'n leierskapstruktuur en passievolle lidmate. Elke gemeente het fasiliteite en 'n infrastruktuur, ook dié sonder predikante. Baie gemeentes of ringe het toegang tot 'n maatskaplike werker. Gemeentes het lidmate met bronne, nie net wat finansies betref nie, maar ook ten opsigte van kundigheid, ervaring, ensovoorts. Wat is sover gedoen? Lees asseblief **hier** verder om te sien hoe ringe, gemeentes, ensovoorts, betrokke kan raak.

Rassisme: Ds Nelis Janse van Rensburg, Voorsitter van die Dagbestuur, Moderamen NG Kerk, skryf die volgende oor hierdie ernstige saak: *Rassisme steek oral in ons samelewing kop uit. Ons kan ander daarvoor blameer, die verlede, die*

politici, die winsmakers en die maghebbers, die opposisie en diegene wat óns tot vyand wil maak, maar die werklikheid is dat rassisme sonde is. Nie omdat 'n politieke party so sê of mense probeer munt slaan uit gebeure in ons samelewing nie, maar omdat dit in stryd is met die Evangelie. Rassisme neem baie gestaltes aan, maar in die kern daarvan lê daar meerderwaardigheid, dus die minagting van mense net omdat hulle aan 'n bepaalde ras behoort, vooroordeel, veralgemenende aannames, disrespek, onbegrip, afguns, misbruik en vernedering. Rassisme kan dus 'n denk- en leefwyse wees wat by mense van alle rasse voorkom en gekoester word. Klik **hier** om verder te lees.

CURE RACISM SOUTH AFRICA
The problem is not going to fix itself.

3. DANKGELEENTHEDE: Verskeie **geleenthede** is gereël om dankie te sê vir die welkome reën wat landswyd ontvang is - alle belangstellendes word hierheen uitgenooi:

NG Heuwelkruin: **Donderdag 28 Januarie 2016 om 18:00** – by hierdie geleentheid sal ook voorbidding gedoen word vir plekke waar dit nog nie gereën het nie. **Almal wat hierdie byeenkoms gaan bywoon moet asseblief gebottelde water vir plekke waar daar nog waternood is, saambring.**

NG Hugenoot - dank- en lofprysingsfees: **Vrydag 29 Januarie 2016 vanaf 13:00 – 14:00**

SENWES byeenkoms: **Vrydag 12 Februarie om 11:00** op die perseel van SENWES in Curielaan – navrae kan aan Charles Truter by 083 305 8766 gerig word.

4. BYBEL-MEDIA NUUSBRIEF 2/2016: In hierdie uitgawe is daar inligting oor die eerste drie Bybelkor-publikasies vir die nuwe jaar wat nou beskikbaar is - klik **hier**.

5. BEROEPENUUS: Die **NG Gemeente Bethlehem-Noord het vir dr JAM (Hannes) de Kock** vanaf die NG Gemeente Potchefstroom-Noord (Sinode Wes-Tvl), **beroep. Hy het die beroep aangeneem en is reeds op 22 Januarie 2016 as leraar bevestig**. *Namens die Sinode Vrystaat, verwelkom ons vir dr Hannes en sy gade terug in ons midde, mag dit ook hierdie keer vir julle 'n geseënde ervaring wees.*

6. VAKATURE: Vanaf 1 Maart 2016 beskik die **NG Strooidakkerk in die Paarl** oor 'n vakature vir 'n **Musiekdirekteur** – klik **hier** vir meer besonderhede, die **sluitingsdatum vir aansoeke is Maandag 15 Februarie 2016**.

7. NB! HERHALINGS: Die volgende kennisgewings en inligting wat reeds in *Vrypos* verskyn het, word vir jou gerief herhaal:

Argief kontakbesonderhede en kartonhouers te koop
Skriba Moderamen se nuwe e-pos adres
Wêreldbiddag vir vroue 2016
Internasionale Konferensie – *Fresh Expressions of Church*
Sesotho klasse by NG Langenhovenpark
Vakature - Kinderversorger by Esperanza Jeugsorgsentrum, Waterbron: Sluitingsdatum 29 Januarie
Vakature – Voltydse leraar, NG Knysna: Sluitingsdatum 31 Januarie

Klik **hier** vir al die inligting.



8. VERJAARSDAE: Baie geluk aan die leraars wat gedurende die komende week verjaar:

29 Januarie:
Dr Koos Uys - FRANKFORT - 058 813 3610, 071 671 9004, **jspuys@gmail.com**

30 Januarie:
Ds Anton Meiring - WOODLAND HILLS NG GEMEENSKAPSKERK - 051 433 7100, 079 895 3914, **anton@whgemkerk.co.za**

4 Februarie:
Ds Dubois du Toit - KESTELL - 058 653 1592, 082 856 3217, dubali@xsinet.co.za
Ds Charl van Schalkwyk - WELKOM-NOORD - 057 352 1995, 079 711 1711, cvsch@telkomsa.net

9. TEN SLOTTE:

Groetnis.

THEA BOSMAN
Samesteller/Redaksioneel: kerkinfo@ngkvs.co.za
Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719 Faks: 086 502 0821

INDIEN JY OP *VRYPOS* WIL INTEKEN, KLIK hier (meld asseblief ook jou gemeente/dorp)

AS JY *VRYPOS* WIL KANSELLEER, KLIK hier

Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by kerkinfo@ngkvs.co.za – stuur ook enige nuusgebeure, inligting na hierdie adres.

NG KERK VRYSTAAT WEBBLAD: http://www.ngkerkvrystaat.co.za/

NG KERK VRYSTAAT FACEBOOK: Like

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik hier

OPENING FAKULTEIT TEOLOGIE EN TEOLOGIESE DAG: Die tema van hierdie geleentheid is, ***Wie is Jesus in 'n tyd soos hierdie tussen baie stemme?***

THEOLOGY
TEOLOGIE
UFS·UV

PROGRAM

09h00-09h50: **Verwelkoming en Erediens:** Prof Fanie Snyman, Dekaan Fakulteit Teologie - Universiteit van die Vrystaat

09h50-10h10: Toekenning van pryse

10h10-10h30: Verversings

10h30-10h40: Voorstelling van sprekers en tema van die dag - prof Fanie Snyman

10h40-11h10: **Dr Marius Nel**, Departement Nuwe Testament, Fakulteit Teologie - Universiteit van Stellenbosch met die tema, ***The offence of Jesus in a world of many voices***

11h10-11h40: Vrae en besprekings

11h40-12h10: **Prof Stephan Joubert**, Buitengewone professor, Fakulteit Teologie - Universiteit van die Vrystaat met die tema, ***Divine empathy in action: When Jesus wears His heart on His sleeve!***

12h10-12h40: Vrae en besprekings

12h40-12h45: Bedankings

TERUG NA INHOUD

BYBEL-MEDIA NUUSBRIEF 2/2016:

Bybelkor-publikasies:



1. Perspektiewe op die koninkrykreeks – 'n Koninkryk van genade (Boek 1)
God het 'n *genade*verbond met ons gesluit. Genade beteken ons kry wat ons nie verdien nie. Dit maak nie vir ons sin nie. Maar juis dít is die punt van genade: Genade is onverdiend en… God se koninkryk is vol van hierdie genade, onbeskryflik groot.

'n Gespreksgids vir Kleingroepe/Bybelstudiegroepe – agt besondere gespreksgeleent- hede – prys **R55** (BTW en posgeld ingesluit).

2. ToekomsVenster - Ons behoort aan mekaar *(Stiltetydgids – 45 dagreise oor liefde vir mekaar)*
Mense beleef God dikwels op 'n afstand leef. Daar is verskillende redes hiervoor. Een daarvan is dat hulle gewoon nie meer ervaar dat God in die wêreld werksaam is nie. Ek glo die liggaam van Christus kan hierdie negatiewe ervaring verander. Ek glo die liggaam van Christus wat getrou bly aan die waarheid, Jesus Christus, wat hierdie waarheid verkondig en wat in gemeenskap met Christus al hoe meer soos Hy word, kan die "afstand" van God oorbrug. Mag hierdie stiltetydgids oor ons liefde vir mekaar jou en jou gemeente help om waarlik God se hande, voete, oë en hart in hierdie wêreld te wees sodat al hoe meer mense sal sê: "As God my Vader is, is die kerk my moeder" - prys **R100** (BTW en posgeld ingesluit).



3. God's mystery *(Afrikaanse weergawe: Godsgeheim)*
Jaap Durand leads us on a journey through the most important Western schools of thought on the relation between faith and science. Scientific discoveries since the 17th century highlight the staggering complexity of life and the universe. Thoughtful believers have gained new insight into their faith in response to this expanding scientific vision – price **R155** (VAT and postage included).

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:
Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
Of stuur jou bestelling per e-pos na **bestel@bmedia.co.za**
Of koop direk met jou kredietkaart op die webtuiste **www.bybelmedia.org.za**

TERUG NA INHOUD

HERHALINGS:

- **Argief- en Inligtingsdiens kontakbesonderhede:**
  Mev Christa Botes (Argivaris) - 051 406 6746 (k), e-pos **inlig@ngkvs.co.za**
  Mev Helena Smit (Argiefassistent) - 051 406 6747 (k), e-pos **argief@ngkvs.co.za**
  Kantoorure Ma - Vr 08:00 - 16:00, tussen 12:45 en 13:30 gesluit vir middagete ***(persone wat graag navorsing sou wou kom doen, moet asseblief vooraf 'n afspraak maak).***

  Kartonhouers: Die leë houers waarin dokumente by *Infofile* gestoor is, word te koop aangebied teen R15 elk – indien jy meer as 100 houers sou koop, is die prys R10 elk, dit kan by die Sinodale Kantoor afgehaal word. Belangstellendes kan vir Lisma Liebenberg kontak by 051 406 6700 (k), of 'n e-pos stuur aan **daf@ngkvs.co.za**

- **Nuwe e-pos adres vir Skriba van die Moderamen:** Let daarop dat **dr Carin van Schalkwyk** 'n nuwe e-pos adres het, **skriba@ngkvs.co.za** – alle korrespondensie rakende kerk-aangeleenthede moet asseblief in die toekoms na hierdie adres gestuur word.

- **Wêreldbiddag vir vroue 2016:** 'n Gesamentlike Wêreldbiddag vir Vroue word **DV op Sondag 6 Maart 2016 om 10:00** in die Tweetoring Kerk, Bloemfontein gehou. **Alle vroue** word na hierdie spesiale geleentheid uitgenooi. Die **tema** vir 2016 is, ***Laat die kindertjies na My toe kom***, met Kuba as die land wat die materiaal saamstel. Besoek gerus die webblad by **www.wwdp.co.za** waar meer inligting beskikbaar is.

- **Internasionale Konferensie - *Fresh Expressions of Church*:** Hierdie konferensie vind **vanaf 16 - 18 Februarie 2016** in Goodwood, Kaapstad plaas. Vir meer inligting, klik **hier**.

- **Beginnersklasse in Sesotho:** Die **NG Gemeente Langenhovenpark** bied wéér hierdie gewilde kursus in Sesotho aan. Dié kursus strek oor 28 weke en die totale koste beloop R2000pp. Die kursus **begin DV Donderdag 25 Februarie 2016 om 18:30** en vind in die Gemeentesentrum van NG Kerk Langenhovenpark plaas (Kleinkerk). **Registreer asseblief vóór of op Maandag 15 Februarie om 10:00** - telefonies by 051 446 2225, of per e-pos by **ngklhp@mweb.co.za**. 'n Volledige inligtingsblad is ook by die kantoor beskikbaar. 'n **Nie-terugbetaalbare deposito van R750 is betaalbaar vóór, of op Maandag 15 Februarie om 10:00. Daar is plek vir slegs 25 studente.** Vir verdere navrae skakel die kantoor by bogenoemde nommer, of vir Riaan Stander by 051 446 1131 of 082 665 8478.

- **VAKATURES:**

  ENGO Kinder- en Jeugsorgsentrums, Bloemfontein: Hierdie instansie beskik tans oor 'n vakature vir 'n **voltydse kinderversorger by Esperanza Jeugsorgsentrum te Waterbron, Bloemfontein**. Klik **hier** vir meer inligting - **sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag 29 Januarie 2016 met diensaanvaarding so spoedig moontlik.**

  Voltydse leraar – NG Gemeente Knysna: Klik **hier** vir meer besonderhede rakende die vakature – **diensaanvaarding is so spoedig moontlik en aansoeke en CV moet hulle vóór Maandag 31 Januarie 2016 bereik.**

VAKATURE: ENGO VOLTYDSE KINDERVERSORGER BY ESPERANZA JEUGSORGSENTRUM TE WATERBRON, BLOEMFONTEIN:

Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir die versorging van 12 kinders van verskillende ouderdomme. Die kandidaat moet geduldig, lief vir kinders wees en oor die vermoë beskik om dissipline te kan handhaaf.

POSVEREISTES:

- Gr 12
- Tussen die ouderdom van 35-50 jr.
- Christelike oortuigings.
- Afrikaanssprekend.
- Geldige rybewys 'n vereiste.
- Verpligte inwoning.

AANBEVELING:

- Ondervinding in die werk met kinders.
- Getroude egpaar sal voorkeur geniet.

DIENSVOORDELE:

- Salaris onderhandelbaar.
- Gratis inwoning – eie woonstel.
- 13e tjek.
- Pensioenfonds.
- Ruim verlof.

DIENSAANVAARDING: So spoedig moontlik.

AANSOEKVORMS: Rina Maree, Van Heerdenweg 26, Wilgehof, Bloemfontein

FAKS CV's NA: 051 522 2508

E-POS CV's NA: rina@engo.co.za

TEL: 051 522 6914 / 082 449 0106

SLUITINGSDATUM: 29 Januarie 2016

TERUG NA INHOUD

VAKANTE LERAARSPOS - NG KNYSNA:

Die NG Gemeente Knysna bedien die dorp, woonbuurtes en distrik rondom die Knysna-strandmeer. (Lees meer oor hierdie gemeente by **www.knysnakerk.com**)

LERAARSPROFIEL:

- Die gemeente is op soek na ’n leraar wat die nodige passie het om die visie en kernwaardes van die gemeente te handhaaf en wat gemaklik in spanverband kan saamwerk.
- Vermoë om praktiese Skrifgefundeerde lering te verskaf.
- ’n Goeie leier, entoesiastiese motiveerder en energieke werker wat ook ’n mentor vir ons jeugwerker kan wees.
- Die vermoë om met alle ouderdomsgroepe te kommunikeer.
- Verkieslik ten minste vyf jaar ondervinding in die bediening.
- Vaardig is in moderne kommunikasiemiddele en dit effektief kan benut.
- Die kandidaat moet ’n gelegitimeerde predikant van die NG Kerk wees.

FOKUSAREAS VAN DIE POS: Alle fasette van gemeentewerk soos beskryf in Artikel 9 van die Kerkorde met fokus op leierskap, gemeentebediening en ander aspekte van die opbou van die gemeente.

VERGOEDING: Volgens Sinodale skaal en 'n pastorie word voorsien.

AANSOEKE: Stel jouself **vóór 31 Januarie 2016** aan ons bekend in ’n CV van nie meer as vier bladsye nie, insluitend drie referente en volledige kontakbesonderhede. Verwys asseblief na ons webblad (**www.knysnakerk.com**) vir die samestelling en inhoud van die CV/aansoek. Rig die aansoek aan die Voorsitter van die Pre-advieskommissie by die volgende e-pos adres: **ngknysna@telkomsa.net**

DIE VOLGENDE IS STERK AANBEVELINGS:

- ’n Opname van ’n onlangse preek in video of mp3 formaat (verskaf DVD, CD of ’n *Dropbox* skakel).
- ’n Kort opsomming van jou mening oor huidige aktuele sake in die NG Kerk.

NAVRAE: Voorsitter van die Pre-advieskommissie, Hector Dreyer, by 083 455 1407, e-pos: **hector.n.dreyer@gmail.com**

DIENSAANVAARDING: So spoedig moontlik.

Die kerkraad behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie.

TERUG NA INHOUD

TERUG NA INHOUD